
netwerk24.com

# Naspers versaak morele skuldlas teenoor koerante

Send to Kindle




Naspers en Media24 se hoofkantoor in Kaapstad. Foto: Getty Images

Die jongste jaarsyfers van Naspers is om verskillende redes ’n belediging.

Media24 word in ’n volbladadvertensie in die Afrikaanse dagblaaie (25.01) geïgnoreer.

In Hanlie Stadler se berig lees ons wel dat dié filiaal van Naspers ’n R53 miljoen-wins gemaak het.

Dit beteken nie veel in die groter prentjie nie, maar in dieselfde jaar is $500 miljoen (dit is sowat R9 000 miljoen) in net één van hul treurige buitelandse

beleggings afgeskryf. Die beleggingshoof gee groothartig toe dat hulle groot foute gemaak het. Dit is ’n *understatement* as daar ooit een was.

Ek het meer vrae as antwoorde, want om die jaarresultate te kan ontleed verg kundigheid in finansiële verslagdoening wat ek nie het nie.

Maar wanneer die moedermaatskappy van Media24 bereid is om soveel geld in treurige beleggings te belê, maar toelaat (nee, opdrag gee) dat die maatskappy waaruit die onderneming eintlik voortgespruit het stuk vir stuk ten gronde gaan, wonder ’n mens waarom hy steeds sy resultate in die Media24-koerante publiseer. In ’n vorige era was dit iets om op trots te wees. Nou is dit bloot ’n belediging.

Om te argumenteer dat Naspers en Media24 geheel en al verskillende ondernemings is, is tog nie heeltemal waar nie. Naspers besit Media24. En die koerante en tydskrifte van Media24 was die basis waarop Naspers gegroei het.

Dit was ook die rede waarom Naspers (saam met die destydse ander groot persgroepe) daarin geslaag het om M-Net (nou MultiChoice) te begin. Die kapitaal (polities, kultureel en finansieel) waarop die huidige Naspers gebou is, kan dus volledig na die koerante herlei word – dieselfde koerante wat nou onder die geweldige druk van sluiting staan.

Die enorme wins wat Naspers dus uit sy voormalige filiaal MultiChoice gemaak het (ook toe dit apart genoteer en vergeet is), het dus ’n geskiedenis. Daardie geskiedenis het ’n morele skuldlas op Naspers geplaas, een wat hy bereid is om te versaak.

Daarom, verál daarom, is die Naspers-advertensie in die koerante, wat nou versaak word, beledigend.

Staak dit liewer.

Indien die Afrikaanse koerante nou onvolhoubaar geword het, kon miljarde in die digitale joernalistiek belê word. En dalk was daar tog geld om ook die

koerante te laat voortbestaan.

---

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/gesels-saam/naspers-versaak-morele-skuldlas-teenoor-koerante-20240626-2